# NOTULE U.K. VERGADERING GEHOU 18 JULIE 1961.

OPENING:

Ds. P.S.Z. Coetzee open die Vergadering met Gebed.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee (Voors.); Ds. J.J. Fourie, Ds. D.S. Snyman (Algemene Sendingsekretaris).

A. SAKE UIT NOTULE VAN U.K. VERGADERING 24 MEI 1961:

1. RADIOVERBINDINGE: R.K. JUNIE/3:

Die Sendingsekretaris rapporteer dat na samespreking met die Raadskommissie besluit is op die Layzell Stelle wat teen £80 per eenheid verkrygbaar is, en dat hy opdrag gegee het om hierdie Radioverbindingstelsel te laat installeer volgens U.K. besluit. Die U.K. keur die handelswyse goed.

2. MOTORTOELAAG: R.K. JUNIE/18:

Ned. Gref. Kerk Argief O.V.S.

Op die S.A.S.K. sal die onderhandelinge voortgedra word.

3. OPERASIE: MEJ. TERBLANCHE:

Die Vergadering neem kennis dat die operasie suksesvol verloop het en sal wanneer daar 'n rekening ontvang word help met die bestryding van die kostes.

4. AANKOOP VRAGMOTOR: R.K. JUNIE/44:

Die U.K. neem kennis dat die Sendingsekretaris sy opdrag uitgevoer het.

5. INGEBRUIKNEMING HOSPITAAL KAMOTO: R.K./65:

Die U.K. neem kennis met dankbaarheid van die ingebruikneming van die Kamoto Hospitaal en sal by die S.A.S.K. aanbeveel om die nodige bedankings oor te dra aan die belanghebbendes.

B. SAKE UIT NOTULE RAADSKOMMISSIE: 8 EN 7 JUNIE:

6. BYWONING SENDINGWEEK STELLENBOSCH MEJ. BOTES R.K./15:

Die U.K. neem met dankbaarheid kennis dat Mej. Botes die Sendingweek op Stellenbosch sal bywoon en sal aandoen in Bloemfontein, waar sy moontlik 'n vergadering van jongmense sal toespreek in De Bloem gemeente.

2/.....

7. STOOF TE MERWE: R.K./22:

Die U.K. besluit dat indien die nodige plate vir die stoof te Merwe nie verkry kan word nie, daar 'n nuwe stoof geïnstalleer kan word.

8. VERKOOP WITKOP R.K./38:

Die U.K. Neem kennis van die moeilikhede in verband met die moontlike verkoop van Witkop aan die Regering en volstaan voorlopig met die Status Quo posisie. Die advies van die sending sal in hierdie verband ingewag word.

9. OPENING SEKONDÊRE SKOOL: R.K./48:

Die U.K. Neem kennis met groot dankbaarheid dat die opening van die nuwe Sekondêre Skool te Katete eersdaags sal plaasvind. Die S.A.S.K. sal gevra word om die nodige bedankings aan die belanghebbendes te doen.

10. REISKOSTES BESTUURDERS VAN SKOLE: R.K./55:

Die U.K. neem kennis dat vergoeding in die toekoms uitbetaal sal word volgens aantal myle wat gereis word. Dog die U.K. wil daarop wys dat die Opv. Sekretaris sal toesien dat met oorleg gereis sal word en die begroting nie oorskrei sal word nie.

11. OPVOEDKUNDIGE DEPARTEMENT BEGROTING: R.K./62:

Die U.K. beveel die goedkeuring van die begroting by die S.A.S.K. aan met die versoek dat die permanente herstelwerk van dakke wat die bedrag van £3000 verteenwoordig versprei sal word oor drie jaar indien enigsins moontlik oor nie minder as twee jaar nie.

12. BEHOEFTES BUITELAND: R.K./77:

Die U.K. besluit om die behoefte aan sendingpersoneel aan die S.A.S.K. voor te dra. Intussen sal die Sendingsekretaris alles in sy vermoë doen om die vakatures opgevul te probeer kry.

SAKE UIT NOTULE RAADSKOMMISSIE: 26 JUNIE 1961:

13. DRUKPERS MKHOMA: R.K./1:

Die U.K. keur die aanbeveling van die Raadskommisgoed, nl. dat die Drukpers kontrak opgehef word indien die aandele van die N.G. Kerk in die O.V.S. uitbetaal word. Indien dit nie moontlik is nie word die saak verwys na die Raadsvergadering in 1962 met die handhawing van die Status Quo. Die S.A.S.K. sal hieromtrent ingelig word.

3/....

14. UITBREIDING SEKONDÊRE SKOOL KATETE: R.K./8:

Die U.K. beveel aan by die S.A.S.K. dat voorgestelde uitbreidings planne deurgevoer word op die basis soos voorgestel:

| | |
|---|---|
| Die beraamde Kapitale uitgawe ..... | £88,000 |
| Regerings bydrae ..... | £66,000 |
| Sending bydrae ..... | £22,000 |

Dit word voorgestel dat die sendingbydrae as volg sal wees:-

(i) Bouheer vir ongeveer vyf (5) jaar.
(ii) Bydrae van 'n £1000 per jaar vir ses (6) jaar.

Die balans van ongeveer £10,000 sal bygedra word indie vorm van materiaal en administrasiekostes.

Met dien verstande dat die sending van jaar tot jaar verantwoordelikheid aanvaar vir die bydrae wat gemaak moet word. Blyk dit dat die regering nie sy deel nakom nie, dan sal die sending onder geen verpligting wees om sy verpligtinge verder na te kom nie. Verder sal die Raadskommissie toesig hou dat van jaar tot jaar werk afgehandel sal word vir die bedrag geld wat die Regering beskikbaar gestel het.

# B I N N E L A N D .

D. NOTULE U.K. EN ANDER SAKE:

15. VERSLAGVORM: (SIEN BRIEF SCRIBA SINODE):

Die Verslagvorm sal voorberei word en aan die Scriba van die Sinode deurgestuur word.

16. BRIEF EERW. J.T. MAHLANGU:

Die Saak staan oor.

17. BRIEF DS. CONRADIE: I/S: STIGTING VAN BYBELSKOLE IN KAMPONGS:

Die U.K. neem kennis van die brief van Ds. Conradie, waarin bepleit word die stigting van Bybelskole in Kampongs wat in behandeling geneem sal word deur die S.A.S.K.

18. DIE MOONTLIKE OPRIGTING VAN 'N KERK IN BASOETOELAND:

Die saak word verwys na die Basoetoelandse Kommissie met rapport aan die U.K.

19. DIE TEOLOGIESE SKOOL TE WITZIESHOEK I/S: EERW. BASSON:

Die U.K. het die saak bespreek en ge-oordeel dat hier langsaam gehaas moet word en dat die saak deur die S.A.S.K. in elk geval in behandeling geneem moet word.

20. AANBEVELING SALARIS SKAAL VAN DIE HOSPITAAL EN BANTOE VERPLEEG - PERSONEEL:

Die U.K. keur die skale goed en stel dit inwerking vanaf 1 Augustus 1961.

**********